# Grensverhoudinge in die Noordwestelike Transgariep: Die Lotgevalle van die Kora tot 1858

**H.J. Van Aswegen**

*Randse Afrikaanse Universiteit*

Oor die geskiedenis van die Kora, of meer algemeen bekend as die Korana, bestaan daar nog geen indringende studie nie. Naas die verouderde volkekundige werke van J.A. Engelbrecht, is daar in verskeie werke kort besprekings van en terloopse verwysings na die rol van die Kora in die binneland van Suid-Afrika.[1] In die meeste gevalle val die fokus ook nie primêr op die Kora nie, maar word hulle behandel as 'n klein deel van groter vraagstukke. Enkele meer resente werke, nl. die van Werner van der Merwe, M. Broodryk en T. Strauss het hierdie leemte enigsins aangevul en kan as basis dien vir verdere navorsing oor die Koragemeenskappe in die binneland van Suid-Afrika.[2]


In hierdie artikel word spesifiek gekyk na die rol van die Kora in die noordwestelike gedeelte van die Transgariep – 'n streek wat strek vanaf die Rietrivier tot aan die Vaalrivier in die huidige Oranje-Vrystaat en Noord-Kaap. Hier was 'n sametrekking van verskeie Koragemeenskappe en 'n sterk wisselwerking tussen hulle, die San (of Boesmans) – die vroegste inwoners van die gebied – asook die Griekwas o.l.v. kaptein Adam Kok II, Sotho-Tswanagemeenskappe binne en buite die streek, asook blankes wat hulle permanent in die gebied kom vestig het.

Die doel van die artikel is om te ontleed hoe die klein Koragemeenskappe so lank in 'n onstuimige grensgebied oorleef het en waarom hulle uiteindelik ondergegaan het. Aan kernfaktore soos konflik, grondbesit, die rol van magsgroeperinge deur die skep van tydelike alliansies, asook die druk van sendelinge en blanke intrekkers in die streek op die Kora sal uiteraard heelwat aandag gegee word.

### Die Kora: vroeë vestiging en die difaqane

Oor die oorsprong van dié Kora en die migrasie van dié verskillende Koragemeenskappe uit die Kaapkolonie na die Oranjerivier en die Transgariep is weinig be-

DIE KORA IN TRANSGARIEP 1840



kend.[3] Daar word vandag algemeen aanvaar dat hulle Khoikhoi was wat in die loop van die agtiende eeu voor die blanke veeboer-uitbreiding uitgewyk en noordwaarts getrek het. In die binneland is hulle getalle heelwaarskynlik aangevul deur groepe Khoikhoi wat in die omgewing van die Oranjerivier woonagtig was.[4] Die vermenging het of spontaan plaasgevind, of het die vorm van tydelike alliansies aangeneem om hulle oorlewing te verseker. Konflik tussen die gemeenskappe en die onderwerping asook inlywing van die oorblyfsels van die verslane groepe het dikwels voorgekom.[5]

Aan die oorkant van die Oranjerivier het die Kora met enkele blanke vlugtelinge uit die Kaapkolonie in aanraking gekom. Van die broers Jakob en Frans Kruger en Jan Blum (later algemeen as Jan Bloem bekend) het die Kora perde, vuurwapens en brandewyn bekom. Die blankes is in die Koragemeenskappe opgeneem waar hulle spoedig as leiers opgetree het.[6] Die Kora het ook met die Griekwas van Adam Kok en Berend Berends kennis gemaak. Met die Griekwas het hulle afwisselend in vrede en vyandskap gelewe, maar ook uit die oord perde en vuurwapens bekom wat tot groot voordeel in hulle konstante rooftogte aangewend is.[7]

In die loop van die laaste kwart van die agtiende eeu het die eerste Koragemeenskappe, die Katse en Towenaars, hulle in die gebied tussen die Oranje-en Vaalrivier gevestig.[8] Ander groepe soos die Regshande – 'n afsplintering van die Towenaars – asook die Taaibos en Links Kora het mettertyd gevolg sodat die gemeenskappe teen 1830 oor 'n groot gebied tussen die Vaal-, Riet-, Modder-, en Oranjerivier gevestig was. Een van die Taaibosgroepe het hulle verder ooswaarts in die omgewing van die Caledonrivier gaan vestig.[9] Hierdie gemeenskappe was relatief klein en het gewoonlik uit 'n paar honderd mans, vrouens en kinders bestaan. Soms het van die gemeenskappe saamgesmelt en sterker groepe gevorm, maar die verenigings het gewoonlik nie lank gehou nie.


Die gebied tussen die Riet en Vaalrivier – die kern van die Koranedersettings in die Transgariep – was ideaal geskik vir die leefwyse van die mense. Dit is oor die algemeen plat wêreld met lae heuwels plek-plek en 'n relatief gemiddelde tot lae somerreënval. Die grasvlaktes was uitstekend geskik vir groot en kleinvee. A.g.v. die laer reënval was die fonteine, panne en riviere gesogte gebiede vir bewoning. Wild was volop in die streek en het 'n belangrike bron van vleis vir die Kora geword. Daarby was die gebied aan die begin van die negentiende eeu nog relatief onbewoon. Naas 'n verskeidenheid van kleiner Sangemeenskappe wat hul jagtersbestaan hier gevoer het, was daar enkele Sothogemeenskappe, maar die mense was hoofsaaklik in die oostelike dele van die Transgariep gevestig.[10]

Die Kora het nie een hegte en goedgeorganiseerde gemeenskap gevorm nie en het gevolglik ook nie 'n groot eenheidstaat of selfs enkele kleinere state in die streek tot stand gebring nie. Verskeie faktore was daarvoor verantwoordelik, naamlik die feit dat hulle nie oor 'n sterk saambindende politieke organisasie en 'n invloedryke leier beskik het wat die los groepe kon saamtrek nie.[11]

Kenmerkend van die Kora was juis die neiging tot fragmentasie en magsgroepering rondom individuele leiers. So het die reedsgemelde Frans Kruger en Jan Bloem hul gesag oor die Kora gevestig, maar ernstige verdeeldheid het die eens verenigde Swartvolk in twee verdeel.[12] Ook tussen die ander leiers soos Piet Witvoet, Goliat Yzerbek, Dawid Danster en Kousop Kousopson was daar nooit eensgesindheid nie. Hul verhouding is juis gekenmerk deur voortdurende struwelinge en ernstige konflik.[13] Die meeste van hierdie leiers was ook nie leiers op grond van 'n tradisionele erfreg nie, maar op grond van die mag wat hulle oor hulle volgelinge kon uitoefen.[14]

Die Kora het 'n relatief groot gebied in die noordwestelike Transgariep beset. Omdat die gebied nog oop was, het die aanvanklike besetting sonder noemenswaardige dispute gepaard gegaan. Die Koragronde is nooit afgebaken nie – die gebruik was vir hulle onbekend en in die

**KORAGROND AAN DIE VAALRIVIER 1849**



oop grensgebied onnodig. Daarby was hulle ook swerwers wat meestal met hulle vee rondgetrek en hulle nie permanent op een gebied gevestig het nie. Die rondtrekkery is versterk deurdat hulle ook van jag en roof gelewe het.[15] Hulle gebied het geen grense geken nie en hulle swerwersbestaan het hulle gereeld oor die Vaal tot oorkant die Hartsrivier en in die Griekwagebied van die Kok en Berendsgroepe geneem. Op hierdie togte het hulle die Griekwas asook Tswana nedersettings aangeval, vee geroof en mense om die lewe gebring. Dit was veral Jan Bloem wat telkens oorkant die Vaalrivier geroof en spoedig 'n verskrikking onder die Tswanagemeenskappe geword het.[16]

Die Kora het op die wye vlaktes en in die heuwelagtige gebiede van die noordwes-Transgariep in noue kontak met die San gekom. Omdat beide groepe jagters was, het hulle dikwels in mekaar se jaggebiede ingedring wat tot konflik aanleiding gegee het. Die konflik is verskerp deurdat die San vee van die Kora gesteel en lg. rooftogte teen die San geloods het. Met hulle vuurwapens en perde was die Kora te sterk vir die San en talle is in die konflikte gedood. 'n Algemene praktyk van die Kora was om na gevegte San vrouens en kinders te buit en in hulle gemeenskappe op te neem.[17]

Vermenging tussen die Kora en San het ook op 'n meer vreedsame wyse voorgekom. Gewoonlik het die Kora die San geabsorbeer omdat eg. die San as 'n laer klas beskou het. Die Kora het slegs a.g.v. armoede of nood by die San aangesluit.[18] In een geval het een van die Sankapteins, Dawid Danster leier van 'n redelik groot gemengde groep San en Kora geword. Danster was die besitter van 'n groot stuk grond tussen die Modder en Vaalrivier.[19] A.g.v. die vermenging is dit haas onmoontlik om 'n suiwer rasseklassifikasie van dié Kora te maak soos wetenskaplikes in die verlede wel probeer doen het.[20]

Vanaf die vroeg 1820's het die feitlike "alleenheerskappy" van die Kora in die noordwestelike Transgariep stadig tot 'n einde begin kom. Met die inval van die Hlubi en Ngwane uit Natal het die jare van verwoesting bekend as die *difaqane* in Transgariep aangebreek.[21] Aanvanklik was die konflikte tussen hierdie Ngunikrygers en die Sothogemeenskappe hoofsaaklik tot die oostelike streke van die Transgariep beperk, maar dit het spoedig die hele gebied betrek.

Van groter belang vir die Kora was egter die vestiging van die Griekwas o.l.v. hul kaptein, Adam Kok II, by Philippolis in 1826.[22] Kok en sy volgelinge het onmiddellik hul gesag oor die gebied tussen die Oranje-en Modderrivier begin uitbrei en 'n Griekwastaat daar tot stand gebring. Nie alleen het die staat van die woon- en jagvelde van die Kora ingesluit nie, maar die vrye beweging van die Kora in die gebied is ook al hoe meer aan bande gelê. Dit was veral Piet Witvoet en sy broer Goliat Yzerbek wat met hulle volgelinge, die Regshande, aan die Rietrivier op die plaas Brandewynfontein woonagtig was, wat die ergste onder druk geplaas is.[23]

Die nuwe bedreigings het die Kora gedwing om sekere aanpassings te maak. Alle pogings van Adam Kok om, veral met die hulp van eerw. G.A. Kolbe van die Londense Sendinggenootskap, die Kora onder sy gesag geplaas te kry, het misluk. Witvoet en sy mense het op hulle grond gebly en 'n soort van simbiotiese bestaan met die Griekwas gevoer. Die Kora het gebaat by die groter mate van politieke orde wat die Griekwas geskep het asook by die groter handelsmoontlikhede wat nou aan die ontplooi was.[24] In ruil daarvoor het hulle van tyd tot tyd militêre alliansies met die Griekwas gesluit o.a. teen die Tlapingkaptein Lepui, wat in die suide van die Transgariep gevestig was en wie se grond die Griekwas by hulle staat wou inlyf.[25] Ook ander Tswanagemeenskappe het erg gely onder die aanvalle van die Griekwas wat deur die Kora ondersteun is.

Hierdie alliansies was gewoonlik van korte duur en het nie bindende samewerkingsooreenkomste geïmpliseer nie. Dit het ook nie alle Korakapteins betrek nie. Gevolglik was ook die Griekwas nie gevrywaar van Kora-rooftogte nie. In 1829 het die Kora selfs vir Adam Kok in Philippolis bedreig en hy kon die Kora-aanslag eers met die hulp van Andries Waterboer van Griekwastad afslaan.[26]

Hoewel die Kora hul onafhanklike bestaan kon voortsit, het die Griekwas tog meer en meer invloed oor die rondswerwende bendes begin uitoefen. Sommige het mettertyd by Adam Kok aangesluit en deel van die Griekwanasie geword. Andere is sterker by interne Griekwa-aangeleenthede betrek soos Jan Bloem wat by geleentheid sy steun aan Abraham Kok moes gee in lg. se poging om die kapteinskap van die Griekwas oor te neem na die dood van Adam Kok II in 1835.[27]

In die troebele jare van die *difaqane* het die rooftogte van die Kora in 'n groot mate tot die konflik en deels anargie in die Transgariep bygedra. Hulle het gereelde ekspedisies teen die Sotho- en Tswanagemeenskappe in die gebied asook oorkant die Vaalrivier geloods. Onder die mense was hulle berug en gevrees as genadelose rowers.[28]

Die onstabiele omstandighede het die Kora egter ook gedwing om gereeld militêre alliansies met ander groepe te sluit, deels om hulleself te beskerm en deels om op die wyse hulle groter militêre slaankrag met die hulp van andere tot eie voordeel aan te wend. Die alliansiepolitiek is goed raakgesien deur dr. Andrew Smith, Britse reisiger in die gebied in die 1830's: "It is indeed the custom with marauding parties whenever they see cause for apprehension to attach themselves if they can to some more powerful community, under the idea that it may be surmised they have determined upon changing their way of life; which, they suppose, may perhaps save them from punishment: or because they fancy that such alliances may excite the fears of those who menace them, and in consequence of their newly acquired strength secure immunity."[29]

Reeds in 1823 het die Kora hulle aan die kant van die Phuting in lg. se stryd teen die Hlakoane geskaar. Die gewere van die Kora het die deurslag gegee en die Hlakoane is teen die Vaalrivier vasgedruk en feitlik uitgeroei.[30] Enkele jare later in 1827 het Piet Witvoet

weer in alliansie met Sifunelo, kaptein van die Rolong, die Taung aangeval om lg. se mag te breek, maar nie daarin geslaag nie.[31] Die dreigende gevaar van Mzilikazi en sy Ndebele-krygers vanuit die Transvaal het die Rolong en Taung kort daarna in een kamp gejaag en met die hulp van Jan Bloem is 'n grootskaalse aanslag in 1829 op die Ndebele gemaak. Die Ndebele is nie verslaan nie en die aanval het byna op 'n ramp vir Bloem se mense uitgeloop.[32] 'n Tweede aanslag op die Ndebele in 1830 waaraan die Kora, Griekwas en verskeie Sothogroepe deel gehad het, het in 'n groot nederlaag vir die losse Kora-Griekwa-Sotho alliansie geëindig en die Ndebele bedreiging vir die Transgariep verder vergroot.[33] Vir die Kora was hierdie militêre ekspedisies nie net bedoel om vyande te verslaan nie, maar primêr veerooftogte om hulle eie veekuddes te vergroot.

**Die Kora en die blankes tot 1854**

Die noordwestelike Transgariep is vanaf die dertigerjare van die negentiende eeu toenemend deur nuwe intrekkers – blanke veeboere uit die Kaapkolonie – bevolk. Teen 1832 is die getal blankes in die Transgariep reeds op 1500 geskat. Vanaf 1836 het die Voortrekkers ook deur die gebied beweeg en in toenemende getalle hulle daar gevestig. Daarby het die eerste sendelinge van die Berlynse Sendinggenootskap hulle in 1834 by Bethanie, in die hart van die Koragebied gevestig.[34]



*Adam Kok III*

Die koms van die blankes het nuwe moontlikhede maar ook vraagstukke vir die Kora geskep. Hoewel nie in een groot mag georganiseer nie, het die blankes se vuurwapens en militêre organisasie (die kommando) 'n nuwe magsfaktor in die gebied beteken. Die blankes was ook veeboere op soek na grond in die "oop" ruimtes van die Transgariep. Hulle het ook nuwe handelsmoontlikhede, o.a. in vuurwapens en drank, geopen. Hulle koms het ook die Britse koloniale owerheid se belang in en toetrede tot die gebied vergroot en versnel.[35]

Die koms van die Berlynse sendelinge na die gebied het die Kora op verskillende maniere beïnvloed. Na etlike jare se harde werk in 'n poging om die Kora te kersten en 'n meer gevestigde lewenswyse te laat aanvaar, het die sendelinge sukses begin behaal. Al hoe meer Kora het hulle op Bethanie kom vestig en blyke gegee dat hulle die ou swerwerslewe laat vaar het. Die eerste bekeerlinge is ook gemaak en al hoe meer kinders het die sendingskool bygewoon.[36]

Vir die sendelinge was dit sukses en vooruitgang, maar op die Kora het dit verdelend ingewerk. Dit was slegs een van Koragroepe nl. die Towenaars en 'n faksie van die Regshande wat hulle aan die gesag van die sendelinge onderwerp het.[37] Ou Piet Witvoet en Goliat Yzerbek asook die Taaibosse was egter nie geneë om hulle vryheid aan bande te laat lê nie. In Korageledere het die inmenging van die sendelinge ernstige verdeeldheid geskep.

Onderliggend aan die spanninge was twee belangrike aangeleenthede nl. gesag en grond. Nie alleen wou die sendelinge hulle gesag in Bethanie oor die Kora vestig nie, maar hulle het hulle sterk daarvoor beywer om die Kora onder die politieke beheer van die Griekwas geplaas te kry. Eerw. C.F. Wuras het in 1838 daarin geslaag toe Klein Piet Witvoet hulle formeel aan Griekwagesag onderwerp het.[38]

Vir Wuras was dit van groot belang, want daardeur het dié Kora die Berlynse Sendinggenootskap se besitsreg op Bethanie erken. Die grondgebied was nl. 'n ernstige strydpunt tussen Ou Piet Witvoet, ondersteun deur Goliat Yzerbek, en die sendelinge. Bethanie was geleë op die plaas Brandewynfontein wat aan Witvoet en Goliat behoort het.[39] Die grond is in 1834 deur die Griekwas aan die sendelinge gegee juis toe die Kora op een van hul swerftogte elders was. Hoewel die Kora nie die sendelinge verjaag het nie, het hulle egter nie hulle aanspraak op die grond laat vaar nie. Inteendeel, hulle het die grondbrief wat die Griekwaraad aan die sendelinge as bewys van laasgenoemde se eiendomsreg gegee het, verwerp.[40] Dit was die begin van 'n lang stryd om die besitreg van Bethanie wat nie alleen vyandskap tussen die sendelinge en die Kora nie, maar ook tussen die Koragemeenskappe meegebring het.

Dit was egter nie net Bethanie wat 'n betwiste gebied geword het nie. Met die toenemende blanke vestiging in die gebied het die druk op Koragrond al hoe groter geword. In 1839 het Danster sy grond, die hele Van Wyksvlei tussen die Modder-en Vaalrivier (naby die huidige Boshof) aan D.S. Fourie verkoop vir enkele skape en bokke.[41] Kousop Kousopson het in dieselfde gebied ook grond aan Fourie vir 'n ou wa, 50 stuks kleinvee en agt osse verkoop.[42] Daarmee het die kapteins van hulle besitsreg van die gronde afstand gedoen en die gronde is spoedig deur die nuwe eienaars beset of herverkoop.



*Die sendingstasie Bethanie*

Vir die Kora was dit nou ook nie meer moontlik om hul ou swerwersbestaan te voer en hulle op enige gronde te vestig nie. Klagtes van Kora wat op blanke grond plak, vee steel en gewelddadig optree het veral uit die gebied tussen die Modder-en Vaalrivier gekom. Ook aan die Sandrivier het Kora hulle op blankes se plase gaan vestig, tuine verniel en selfs vrugtebome afgekap om veekrale mee te maak.[43] Die blankes het gedreig om die "indringers" met wapengeweld te verjaag.

By gebrek aan 'n sentrale owerheidsbeheer was daar min kontrole oor grondbesetting asook kooptransaksies. Dit was teen 1840 egter al duidelik dat 'n groeiende grondskaarste ernstige implikasies vir die Kora ingehou het. Toe die Britte die Transgariep in 1848 as die Oranjerivier-Soewereiniteit geannekseer het juis om die onderlinge verhoudinge tussen blank en swart te probeer stabiliseer, was die Kora feitlik grondloos en die Britse resident, H.D. Warden, het talle klagtes ontvang van Kora wat op blanke plase oortree het. Warden was verplig om verskeie kere met die wapen teen hierdie oortreders op te tree.[44]

Warden het die kern van die probleem dadelik besef en maatreëls getref om die Kora te hervestig en dié grond te beskerm. In die loop van 1849 het hy aan Jan Bloem 'n stuk grond aan die Vaalrivier gegee en later in die jaar ook vir Danster en Goliat gesamentlik die grond by Platberg aan die Vaalrivier, na aan die grond van Bloem, afgebaken. Die volgende jaar het hy Kousop en sy mense ook aan die Vaalrivier tussen Bloem en die ander twee kapteins gevestig sodat daar 'n Koragebied bestaande uit drie afsonderlike eenhede tot stand gebring is.[45] Hoewel die maatreël dié Koragemeenskappe van grond verseker het, het dit nie hulle rondtrekkery en rowery finaal aan bande gelê nie.

**Die ondergang van die Kora 1854-1858**

Met die oorname van die Transgariep in 1854 deur 'n Boere-republikeinse owerheid (voortaan bekend as die Oranje-Vrystaat) is die lot van die Kora in die noordwestelike OVS spoedig verseël. Hoewel die Bloemfonteinkonvensie, waarkragtens die Britte van die gebied afstand gedoen het, enigermate vaag oor die posisie van die Kora was, het die OVS-regering van die begin af die soewereine reg van die Korakapteins in hulle gebiede erken. Verskeie omstandighede en gebeure het die oënskynlike beskerming deur die staat ontdaan gemaak. Die vernaamste faktor in die verband was die toenemende druk van blanke boere op die Kora om hul grondgebied te verkoop.

Jan Bloem, wat besef het dat sy oorlewing afhanklik was van goeie betrekkinge met die nuwe owerheid, het reeds teen 1858 al sy grond aan blanke boere verkoop.[46] Van sy mense het oor die Vaalrivier getrek op soek na oop ruimtes en ander het hulle as arbeiders aan blanke boere verhuur.

Ook Dawid Danster en Goliat Yzerbek het spoedig by grondverkooptransaksies betrokke geraak. Tussen die twee het egter 'n hewige geskil ontstaan omdat Danster sy deel van die grond by Platberg wou verkoop, maar Goliat het geweier. Aangesien die grond gesamentlike besit was, was Danster magteloos en hy het deur allerlei dreigemente en gewapende optrede Goliat tot instemming probeer dwing. A.g.v. die onrus wat dié optrede veroorsaak het en a.g.v. talle klagtes van oortreding en veediefstal deur die blanke boere was die Vrystaatse regering verplig om in te gryp. In Mei 1854 is die twee kapteins na Bloemfontein ontbied waar hulle die Volksraad as arbiter in hul geskil aanvaar het.[47]

'n Volksraadkommissie is aangestel om die geskille te probeer oplos. Aan die kommissie is duidelik gesuggereer dat 'n moontlike oplossing lê in die oorreding van beide kapteins om hulle grond te verkoop.[48] Die kommissie kon egter nie daarin slaag om die twee kapteins met mekaar te versoen nie. Danster het hom en sy volgelinge intussen saam met die mense van Gert Links op ou Koragronde aan die Vetrivier gaan vestig. Die gronde was ook reeds in blanke hande en die boere het dadelik oor die plakkers gekla. 'n Kommando is byeengebring om hulle te verjaag, maar Links het oor die Vaalrivier getrek en Danster is terug Platberg toe nog voordat die kommando daar aangekom het.[49]

Die OVS-regering het in 1857 besluit om 'n einde te maak aan die geskille tussen Danster en Goliat. Daar is eensydig besluit om die grond in te lyf en die kapteins daarvoor te vergoed. Goliat het tot die stap ingewillig en 'n bedrag van 100 pond sterling vir sy grond ontvang.[50] Hoewel hy spoedig na die ooreenkoms die regering versoek het om die geld terug te neem en sy grond weer aan hom te gee, is die versoek geweier.

Danster wou egter nie so maklik van sy grond afstand doen nie. Die regering het hom egter ook 100 pond sterling betaal en sy grond by die OVS ingelyf.[51] Die Kora is wel toegelaat om op 'n regeringsplaas by Platberg te woon op voorwaarde dat hulle hulle nie aan veediefstal skuldig maak nie.

In 1858 het Goliat, grondloos en onder druk van sy mense probeer om sy besitreg op Bethanie – 'n ou geskilpunt tussen hom en die sendelinge – deur die Vrystaatse regering erken te kry.[52] Die Volksraad het egter die reg van die Berlynse Sendinggenootskap op die gronde erken en herhaalde pogings van Goliat daarna om sy ou gronde weer op te eis, het misluk.[53] Soos in die geval van Danster het Goliat se mense verdeel geraak. Sommige het op Bethanie onder toesig van die sendelinge gebly, andere het op oop gronde 'n heenkome probeer vind of hulle as arbeiders aan blanke boere verhuur.

verkoop.[55] Sy klagtes daaroor by Warden het niks opgelewer nie. Oor die klagte kon die OVS niks doen nie, want daar was geen dokumentêre bewyse wat die kooptransaksies of eiendomsreg kon staaf of weerlê nie. Dit was Kousop en sy agent Richard Miles, 'n Tswana wat by heelwat grondtransaksies in die binneland betrokke was, se woord, teen die eienaars van die plaas.

Sy ander klagte was oor die drie plase wat hy in 1854 verkoop het. Volgens Kousop is hy deur die blankes gedwing om die grond, wat eintlik aan Miles behoort het, aan hulle te verkoop en hy het tot op datum nog nie die volle koopsom van hulle ontvang nie.[56] Hoewel die regering deeglike kontrole oor die verkoping gehou het, laat Kousop en Miles se beweringe oor omkopery met drank en ammunisie 'n groot mate van twyfel oor die eerbaarheid van die metodes van die kopers van die grond.[57] Daarby egter is dit ook duidelik dat Kousop die grond onregmatig verkoop het as dit nie meer sy eiendom was nie. Hy was ook onder groot druk van sy mense wat deur sy optrede grondloos gelaat is.[58]

Die Vrystaatse owerhede het die klagtes in die loop van 1856 deeglik ondersoek en tot die slotsom gekom dat Kousop geen aanspraak meer op enige gronde in die staat gehad het nie. Kousop en sy onderdane het egter anders oor die saak gevoel. Vir hulle was dit 'n geval van "openbaar Bedrocgd" en "Diefstal! Door de witte



*Sendeling C.F. Wuras van die Berlynse Sendingenootskap*

Die Koragemeenskap van Kousop Kousopson of Skeelkobus is in vele opsigte deur dieselfde lot as die ander groepe getref. Kousop het reeds in 1854 die grond wat Warden aan hom toegeken het in drie verdeel en as afsonderlike plase verkoop. Die owerhede het die kooptransaksies deeglik ondersoek en seker gemaak dat alle partye reg en billik optree en behandel word. Eers daarna is die koopbriewe uitgereik.[54]

Teen die einde van 1855 het Kousop twee klagtes oor die onregmatige inbesitname van sy grond deur blankes by die OVS-regering ingedien. Een klagte was oor die plaas Zoutpan wat hy jare gelede aan D.S. Fourie verkoop het. Volgens Kousop het Fourie sonder sy toestemming van sy aangrensende gronde aan ander blankes

mensch gedaan ... ."[59] Aangevuur deur die "ongeregtighede" en gedruk deur sy onderdane "kermend over hunnen gronde regten"[60] het Kousop sy toevlug tot geweld geneem. Terwyl die OVS in 1858 al sy kragte in die stryd teen die Basoeto ingespan het, het Kousop, in alliansie met enkele Tlapingkapteins, die Zoutpan-omgewing aangeval en etlike blankes gedood. Die Vrystaat het inderhaas 'n kommando op die been gebring en in Julie en Augustus 1858 Kousop en sy helpers verpletterend verslaan en uit die Vrystaat verdryf. Kousop self het in die geveg gesneuwel.[61]

**Slotbeskouing**

Die land van die Kora in die noordwestelike Transgariep is 'n goeie voorbeeld van 'n oopgrensgebied wat

algaande gesluit het.[62] Aanvanklik kon die Kora met hulle perde en gewere die gebied beheer en in alliansie met andere hulle suksesvol teen die aanslae van die sterker Sotho en Nguni-aanvallers verdedig. Die gebrek aan 'n sentrale owerheid in die streek het die onafhanklike Kora-groepe ook uitstekend gepas. Dit het hulle ruim geleentheid gegee om te roof sonder om tot orde geroep te word.

Die permanente vestiging van die Griekwas en blankes in die gebied het egter hulle lot verseël. Die Griekwas het die Kora nie verdryf of verslaan nie, maar daartoe bygedra dat omstandighede geskep is wat dit vir die Kora onmoontlik gemaak het om hul leefwyse onbeperk voort te sit. Namate die grondgebied al hoe digter bewoon is, kon die Kora nie meer vrylik rondbeweeg nie. Gronde wat hulle as hul eiendom beskou het, is deur andere beset. Rooftogte is met 'n sterker mate van teenstand begroet en die vuurwapens van die blankes het die militêre slaankrag van die Kora geneutraliseer. A.g.v. hulle onderlinge verdeeldheid en relatief klein getalle was hulle ook nie in staat om hulle gesag op die gebied af te dwing nie. Daarby was hulle ook die slagoffers van hul eie roofsugtige leefwyse: hulle kon nie op die hulp van die groot gemeenskappe soos die Griekwas Basoeto staatmaak om hulle grondgebied teen die blankes te verdedig nie.

Die Kora het in baie opsigte periferale gemeenskappe geword wat deur hulle ongevestigde leefwyse, interne verdeeldheid, onderlinge konflikte asook konflikte met ander uiteindelik deur die groter blanke kolonisasiestroom oorspoel is. Hulle het maklik voor die lokmiddels van die blankes – vuurwapens, brandewyn en geld – geswig en hul grondgebied verloor. Kousop het nog een desperate poging aangewend om grond, wat hy onder druk vir vuurwapens en brandewyn verkwansel het, te probeer terugwen. Vir hom, soos vir die ander Kora, het die grens in 1858 finaal gesluit.

Vir die Kora was die verlies van hulle grond 'n ingrypende gebeurtenis. Hulle het die skuld daarvoor vierkant op die skouers van die blankes gelê. Uit hulle oogpunt is hulle deur blanke boere en sendelinge bedrieg. Kousop se bittere woorde voor sy finale poging om sy ou gronde met geweld terug te neem, getuig hiervan.[63] Die persepsie kom ook sterk voor in die uitlatings van Goliat Yzerbek. Die sleutel van "alle onze kwalen, mijn byzonderlijk bestaan in het onregt aan my gedoen door myn zendelings." Hulle het gewaarsku dat die blanke boere die Kora se grond sal afneem en hy het op hulle vertrou. Toe neem hulle sy grond af. "Gy weet dat nadat de wit menschen hier in dit land kwamen, weinig jaren daarna komt toen oorlogen en confusie".[64] Vir Goliat was dit duidelik dat die Kora, in 'n samelewing waar die blankes oor die gesag beskik, geen oorlewingskanse het nie: "ik heb ondervonden, dat, een gekleurd man, zyn regt al schyn het ook gelyk de zon het word duister, en hy kregen het niet."[65]

## ENDNOTE

1. J.A. Engelbrecht, *The Korana: An account of their Customs and their History with Texts* (Kaapstad, 1936); R. Ross, *Adam Kok's Griquas: A study in the development of stratification in South Africa* (Cambridge, 1976); M.C. Legassick, The Griqua, the Sotho-Tswana and the Missionaries, 1780-1840 (University Microfilms, Ann Arbor, 1970). Vollediger inligting is te vinde in H.J. van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank in die OVS 1854-1902* (D.Phil, UOVS, 1968) later gepubliseer in *Argief jaarboek vir S.A. Geskiedenis*, 1971, I. Die werk is al verouderd en hierdie artikel berus op verdere navorsing en nuwe insigte rondom die geskiedenis van grensgemeenskappe wat die afgelope jare in die geskiedskrywing na vore gekom het.
2. W. van der Merwe, "Die Berlynse Sendelinge van Bethanie Oranje-Vrystaat) en die Kora 1834-1856", *S.A. Historiese Joernaal*, 17, Nov. 1985, pp. 40-63; M. Broodryk, *Die Kaapse Noordgrensoorloë 1868-1879* (D.Phil., US, 1987) en T. Strauss, 'War along the Orange: the Korana and the northern border wars 1868-9 and 1878-9', Centre for African Studies UCT, Communications, I.
3. Sien J.A. Engelbrecht, *The Korana*, pp.1-79; C.S. Grobbelaar, 'The physical characteristics of the Koranas', *S.A. Journal of Science*, Nov. 1956, pp.99-102.
4. L.F. Maingard, 'Studies in Korana History, Customs and language', *Bantu Studies*, 6, 1932, pp.106-121. Sien ook sy artikel 'The lost tribes of the Cape', *S.A. Journal of science*, XXVIII, 1931; R. Ross, 'The Kora wars on the Orange river, 1830-1880', *Journal of African History*, XVI, 4, 1975, pp.36-37.
5. Sien die gemelde werke in voetnoot 4 hierbo.
6. M.C. Legassick, *The Griqua*, pp.134-141.
7. *Ibid.*; R. Ross, *Adam Kok's Griquas*, pp.25-26
8. J.A. Engelbrecht, *The Korana*, p.29.
9. *Ibid.*, pp.3-66; C.S. Grobbelaar, 'Physical characteristics', p.100-102.
10 Sien J.F. Midgley, 'The Orange River Sovereignty (1848-1854)', *Argiefjaarboek vir S.A. Geskiedenis*, 1949, II, pp. 1-3 asook D.J. Jacobs, 'Landbou en Veeteelt in die Oranje-Vrystaat 1864-1888', *Argiefjaarboek vir S.A. Geskiedenis*, 1969, I.
11. J.A. Engelbrecht, *The Korana*, pp. 3-66. Sien ook die *Berliner missionsberichte (BMB) 1848*, pp. 33-46 (amptelike publikasie van die Berlynse Sendinggenootskap).
12. W. van der Merwe, 'Die Berlynse Sendelinge', pp. 43-44.
13. J.A. Engelbrecht *The Korana*, pp. 3-66.S
14. R. Ross, Adam Kok's Griquas, p. 25; M. Wilson en L. Thompson, *A History of South Africa to 1870* (Kaapstad, 1982), p.61.
15. BMB 1848, pp. 33-46. Sien ook H.T. Wangemann, *Die Berliner Mission in Koranna-Lande* (Berlyn, 1873) en J. Richter, *Geschichte der Berliner Missionsgesellschaft, 1824-1924* Berlyn 1924).
16. J.D. Omer-Cooper, *The Zulu Aftermath. A nineteenth century evolution in Bantu Africa* (Londen, 1966), pp. 22-23 en 93-94.
17. J.A. Engelbrecht, *The Korana*, pp. 68-69.
18. *Ibid.*, pp. 76-79.
19. Vrystaatse Argiefbewaarplek (VAB), G.S. 1385: Verkoopkontrak tussen D.S. Fourie en D. Danster, 15.5.1839.
20. R. Broom, 'Bushman, Korannas and Hottentots', *Annals of the Transvaal Museum*, XX, 1948. Sien ook die reedsvermelde werke van C.S. Grobbelaar in J.A. Engelbrecht.
21. Vir 'n bespreking van die *difaqane* sien M. Wilson en L. Thompson, A *History of South Africa to 1870*, pp. 391-405; P. Maylam, *A History of the African People of South Africa: from the Early Iron Age to the 1970's* (Kaapstad, 1986), pp. 54-63.)
22. R. de V. Pretorius, *Die Geskiedenis van die "Vrystaatse" Griekwas 1825-1862*, (MA, UOVS, 1963), pp.20-39; P.J. van der Merwe, *Die noordwaartse beweging van die boere voor die Groot Trek*, 1770-1842. (Den Haag, 1937), pp.241-278; R. Ross, *Adam Kok's Griquas*, pp.22-40.
23. VAB, VR 172: Verklaring van Goliat Yzerbek, 1862 en G.S. 1386: Verklaring van Goliat Yzerbek oor die Kora se besitreg op

Bethanie, 15.8.1861: G.S. 1399: C.F. Wuras - J.P. Hoffman, Bethanie, 21.3.1854.
24. H.T. Wangemann, *Die Berliner Mission*, pp.19-20; BMB, 1836, p.17.
25. P.J. van der Merwe, *Die Noordwaartse Beweging*, pp.270-275; R. de V. Pretorius, *Die Geskiedenis*, pp.20-38.
26. R. de V. Pretorius, *Die Geskiedenis*, pp.36-37.
27. *Ibid.*, pp.62-63.
28. E. Casalis, *The Basutos* (Struik-uitgawe, 1965), pp.8, 24, 30, 37-40.
29. Aangehaal in R. Ross, *Adam Kok's Griquas*, p.26.
30. Vir verdere besonderhede oor die konflik sien J.D. Omer-Cooper, *The Zulu Aftermath*, pp.94-98.
31. *Ibid*, p.98.
32. P. Becker, *Path of Blood* (London, 1962), pp. 89.
33. *Ibid.*, pp. 139-143.
34. Sien P.J. van der Merwe, *Die Noordwaartse Beweging*, pp. 279-321; W. van der Merwe: 'Die Berlynse Sendelinge', pp. 42-45; AB, GS 1386: Verklaring van Goliat Yzerbek, 15.8.1861.
35. Sien die reedsvemelde werke van R.de V. Pretorius, R. Ross en P.J. van der Merwe vir volledige inligting in die verband.
36. Die *BMB* gee baie goeie inligting in die verband. Sien veral *BMB* 1839, pp.114-115 en 136; W. van der Merwe, 'Die Berlynse Sendelinge', pp.48-53.
37. *BMB*, 1836, p.159; *BMB*, 1839, pp.115-116.
38. *BMB*, 1839, pp.118-119, 138-139.
39. VAB, GS 1386: Verklaring van Goliat Yzerbek 15.8.1861. Sien ook die brief van Goliat Yzerbek in *The Friend*, 29.11.1861 oor sy grondregte en VAB, GS 1385: Memorie van Goliat Yzerbek aan Kaapse Goewerneur, 15.10.1864.
40. VAB, GS 1386: Verklaring van Goliat Yzerbek, 15.8.1861.
41. GS 1386: Verkoopkontrak tussen D.S. Fourie en D. Danster, 15.5.1839.
42. VAB, GS 1386: Kousop Kousopson - J.N. Boshoff, 20.1.1856.
43. J.F. Midgley, 'The Orange River Sovereignty', p.41.
44. *Ibid.*, p.268.
45. J.J. Oberholster, 'Die anneksasie van Griekwaland-Wes', *Argiefjaarboek vir SA Geskiedenis*, 1945, p.43.
46. SA Argiefstukke, OVS II, Bylaag 44 van 1856: J. Poulton - Volksraad, pp.249-250.
47. VAB, GS 1386: Ooreenkoms tussen Danster en Yzerbek, 13.4.1854.
48. VAB, GS 1386: Instruksies aan Volksraadkommissie, 25.9.1854.
49. S.A. Argiefstukke, OVS II: Notule 4.2.1856, p.5 en 6.10.1856, pp.39-40; VAB, GS 112: P. Fourie - Staatspresident, 22.9.1856.
50. VAB, GS 1386: Ooreenkoms tussen Staatspresident en Goliat, 14.10.1857.
51. VAB, GS 1386: D. Danster - J. Boshof, 5.1.1858; SA Argiefstukke, OVS III: Notule, 26.2.1858, p.68.
52. SA Argiefstrukke, OVS III: Bylaag 19(d) 1858, pp.178-179.
53. Sien vn.38 hierbo.
54. VAB, GS.1386: Instruksies aan grondkommissie, ongedateerd, asook die inspeksieverslag, 2.12.1854.
55. VAB, GS.1386: Kousop - J. Boshof, 20.1.1856.
56. VAB, GS.1386: Kousop - Staatspresident, 14.12.1855 en R. Miles - Staatspresident, 19.12. 1855.
57. SA Argiefstukke, OVS III: Bylaag 133 van 1858, pp.306-308.
58. *Ibid*: Bylaag 19(a) van 1858, pp.178-179.
59. VAB, GS.1386: R. Miles - J. Boshof, 19.12.1855, pp.245-248.
60. SA Argiefstukke, OVS III: Bylaag 19(d) van 1858, pp.178-179.
61. VAB, GS 99: Verslag van J. Howell, 7.7.1858.
62. H. Lamar en L. Thompson (reds.), *The Frontier in History* (New Haven, 1981). Sien veral hfste. 1,2,4,6 en 8.
63. Sien vn. 58 en 59 hierbo.
64. *The Friend*, 29.11.1861. Brief van Goliat Yzerbek.
65. SA Argiefstukke, OVS III: Bylaag 19(d), p.179.